

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

Heilbron volg Parys

Parys het tans kragprobleme, maar wat terloops ook in ander Ngwathe dorpe wink.

>>> BLADSY 6

Pakwerks gaan vooruit

met die doel om meer effektief te werk met die energie hulpbronne tot beskikking.

>>> BLADSY 8

Kom soek jou swing

Honderd-en-twee dae later kan Heilbron Gholflklub se lede weer hulle terugkeer maak!

25 JAAR AGTER DIE STUUR



“Om op ’n jeugdige ouderdom van 83 jaar nog die langpad te vat stad toe met ’n 30 ton vragmotor, is ’n seëning”, sê oom Boet van Zyl, wat hierdie maand sy 25^{ste} jaar vervoerwerk doen vir Orthochem. Alles het in 1995 begin toe dinge op die plaas nie meer so lekker uitwerk nie en hy addisionele inkomste moes kry. Julyan Bruyns, een van die eienaars van Orthochem, het iemand nodig gehad om hulle produk aan te ry en vir oom Boet was dit ’n uitkoms. CJ (Boet) van Zyl was ’n vorige President van die Lions International op Heilbron en Julyan was ’n lid van die organisasie. Dis dalk hier waar die vriendskap gevorm is. Die Lions het ook destyds altyd die kroeg bestuur tydens die skou op Heilbron en almal het dit geken as “Slinger se Plek” Hy ry nou al met sy sewende vragmotor en het al meer as 2 miljoen vrag-kilo’s afgelê. Boet en Kalsium Propionaat is al sinoniem. As gekwalifiseerde elektriesien het hy in sy jongdae in die vyftigerjare kontrakwerk sover as Zambieë gedoen, maar sy liefde vir boerdery het hom in 1971 na die familieplaas Palmietfontein, tussen Heilbron en Koppies teruggelok. Sy vrou Trix, het in 2003 ’n ernstige beroerte gehad en was bedlêend vir sewe jaar, wat hulle genoodsaak het om dorp toe te trek in 2005. Hy moet vroeg Julie gaan vir ’n heupvervanging en sal dan vir ’n ruk die ryery moet los, maar hoop om nog ’n paar kilo’s tot dan te kan aflê.



2011 SNEEUKOMBERS

Suid-Afrikaners was gewaarsku om hulself te staal vir bitterkoue weerstoestande wat met stormsterk winde en reënval gepaard gaan. Sneeu was ook in sommige dele van die land verwag. Die koue is hier in Heilbron en volgens die weervoorspelling behoort dit Sondag te stabiliseer. Talle Heilbronniers het die afgelope week gemete grade van -4°C , -7°C en selfs -11°C aangemeld, afhangend van die ligging. Kleinveeboere in die Vrystaat moes ook bedag wees oor erge ryp wat kon val en wat kan lei tot veeverlies in hierdie koue weer. Sommige inwoners reken die koue wolke wat hang oor die dorp voldoen aan die kenmerke van sneeuwolke. Die dag en nag temperature wat so naby aan mekaar is voldoen ook aan die vereistes vir die vorming van ’n sneeuvlakkie. Het jy geweet, sneeu is ’n swak geleier van hitte, aangesien die sneeuvlakkies ’n groot hoeveelheid lug omsluit; hoewel die lugtemperatuur bokant die sneeu verskeie grade onder die vriespunt kan wees, hou die lagie sneeu die grondoppervlak onder die sneeu dikwels bo die vriespunt. Heilbronniers hoop vir ’n wit sprokiesmooi prentjie net soos die van 2011. Met opgewondenheid kyk mense terug na die foto’s in die Heilbron Herald, 29 Julie 2011, met die hoop dat dit weer gebeur. “Riemland in sneeukombers getooi. Dinsdagoggend toe Heilbron-inwoners opstaan was hulle wêreld omgetower in ’n sprokiesmooi prentjie. Kinders kon nie genoeg in die sneeu speel nie en oral het sneeumanne ook opgerys. Toe die son eger uitkom het die sneeulagie sommer gou gesmelt.” Is daar in die komende dae ’n moontlikheid dat Heilbronniers vir die eerste keer in nege jaar weer sneeumanne kan bou?



FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort-9830 | Tel: 058 813 1071
E-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2005/036173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

HEILBRON VOLG PARYS MET "BEURTKRAG"

'n Vragmotorband word ontwerp en vervaardig om 'n sekere druk te kan weerstaan en 'n bepaalde vrag te kan dra. Word die drukperk oorskry sal die band eenvoudig bars. Indien 'n groter vrag dus vervoer moet word as dié waarvoor die band ontwerp was, moet 'n groter/sterker band gebruik word.

Dieselfde is waar vir 'n elektriese substasie, die transformator sal eenvoudig ontplof as die lading oorskry word. Die verskaffer, bv. Eskom, moet substasies sò ontwerp en bou dat daar voldoende kapasiteit is vir die behoefte, wat vooraf bepaal is wanneer die kragverbruiker 'n aansoek indien. Die verbruikers, wat munisipaliteit insluit, moet dan later wanneer die behoefte vergroot, met die kragvoorsiener ooreenkom om die kapasiteit van die substasie te vergroot om oorlading te verhoed. Almal weet dat Eskom met tye nie genoeg krag kan opwek om op 'n gegewe tyd in die hele land se aanvraag te voorsien nie. Die probleem word dan oorbrug deur 'n beurtragskema waarop dele van die land se kragtoevoer op 'n rotasiebasis vir bepaalde tye afgesny word.

Wat voorverlede Donderdag in Parys gebeur het, is nie so eenvoudig nie. Parys gebruik op gegewe tye meer krag as wat die substasie kan lewer, wat veroorsaak dat die transformator "ontplof" het. Eskom is nie daartoe geneë om die substasie se kapasiteit te verhoog voordat Ngwathe Munisipaliteit nie sy uitstaande rekening by Eskom ten volle vereffen nie, ten spyte van die bestaande afbetalingsooreenkom-

tussen die twee partye, wat wel deur die munisipaliteit nagekom word. Dit is tans prakties nie haalbaar vir die munisipaliteit om hierdie enorme bedrag geld te betaal nie en geen ander instansie sal dit aan die munisipaliteit leen of skenk nie. Eskom dreig ook om die kragtoevoer na die munisipaliteit in totaal te staak indien die munisipaliteit weer die substasie se kapasiteit oorlaai.

Mnr Philip van der Merwe en die Vryheidsfront Plus waarsku al jare teen voortdurende ontwikkeling van nuwe woon- en besigheidpersele sonder dat die noodsaaklike opgradering aan grootmaatsdiensinfrastruktuur gedoen word. Weens die oormag van die ANC in plaaslike regerings het hulle onsuksesvol hierteen gestry. Die enigste oplossing wat hulle tans sien, is dat Eskom deur die regering gedwing word om meer toegeneë te wees teenoor munisipaliteite en hul skuldlaste, soos die regering Eskom telkens al uitgehelp het. Die Vryheidsfront Plus se parlementêre lid op die COGTA (munisipale) komitee, Michiel Groenewald, hanteer tans die saak op daardie vlak, maar weens die pandemie sit die komitee nie en dit gaan tyd wat om die saak te bevorder.

Die munisipaliteit moes self self maatreëls tref om die elektriese verbruik te beheer, maar dit is definitief nie maklik nie. Die aanvraag na krag is gewoonlik (voor die koue front) gedurende die dag binne perke, maar probleme ontstaan tussen ongeveer 17:00 tot 21:00 en van 06:00 tot 08:00 daaglik, maar ook nie deurlopend

volgens dieselfde patroon nie. Die aanvraag word dus deurlopend gemonitor en sommige verbruikers afgekakel wanneer die verbruik die kapasiteit oorskry. Sou daar dus bloot "blokke" ingedeel word wat op "gegewe vaste tye" afgekakel word, sou dit gebeur dat verbruikers moontlik sonder krag sit terwyl daar eintlik wel krag beskikbaar is. Noodsaaklike dienste soos die watersuiweringswerke, rioolwerke, hospitaal ens. moet deurentyd krag beskikbaar hê en hierdie plekke vorm almal deel van 'n netwerk, die gevolg is dat hulle nie alleen aangeskakel kan bly nie en sommige dele van Parys min of glad nie geraak was deur die "beurtrags" nie.

Die elektriese departement het dus probeer om geen toevoer te sny nie, tensy die substasie op die punt van oorlading staan. Die aanvraag wissel egter sodanig dat die instel van 'n vaste skedule moeilik is. Die keuse tussen 'n vaste skedule aan die een kant en die ongeskeduleerde sny van krag is dus baie moeilik.

Vanaf Vrydag 12 Junie beleef ons 'n erge koue front en die aanvraag is nou so groot dat beurtrags self in nie-piektye toegepas moet word



en daar net nie meer genoeg krag is om almal te voorsien nie, selfs areas wat voorheen oorgesien is. Dit is onverstaanbaar hoekom die elektriese departement nog nie 'n vasgestelde rooster opgestel het en daarby hou nie, weens dit teen abnormale aanvraag binne perk gehou moet word.

Parys het tans kragprobleme, maar wat terloops ook in ander Ngwathe dorpe wink. Hierdie pad lê vir Heilbron ook voor, omdat meer krag gebruik word as waarop daar met Eskom ooreengekom is. Hierdie probleme gaan nie oornag verdwyn nie en 'n oplossing kan net op parlementere vlak gevind word. Phillip van der Merwe bevestig dat die VF plus met die saak besig is.

Bron: VF Plus Raadslid
Phillip van der Merwe

HUIS SILWERJARE

'N ODE AAN DIE GEMEENSAP VAN PETRUS STEYN

Huis Silwerjare, die kosbaarste huis vir bejaardes, gesetel op die Noordhang van Elandskop in Petrus Steyn, wil graag sy dank betuig aan die gemeenskap van Petrus Steyn. Sonder hul volgehoue ondersteuning sou dit nie moontlik wees om ons tehuis volhoubaar te bestuur nie. In chronologiese volgorde wil ons die volgende mense asook instansies bedank. Eerstens al die persone wat beeste, skape, kontant, asook graangewasse geskenk het en nog gaan skenk vir die tehuis. Hier kan ons nie anders nie as om ons Hemelse Vader te bedank vir sy seën ten opsigte van 'n geseënde landboujaar. Hier kan ons getuig soos in 'n advertensie gesê word "As die Here ons nie vanjaar help nie sal dit die eerste keer wees", en dank die Here daarvoor. Baie dankie aan al die donateurs ten opsigte van die sink van die boogate en die opsit van die tenks om die tehuis selfonderhoudend te maak ten opsigte van water, aangesien die Nketoana Munisipaliteit dit nie kon regkry nie.

Die laaste maar nie die minste nie, vir al die borge vir grond, saad, gif, kunsmis, diesel en bewerking vir die sojaprojek. Ook hier is ons dankbaar vir 'n mooi landboujaar en 'n vol oes.

Hiermee ons dank aan al die donateurs namens die beheerraad en personeel van Huis Silwerjare, julle is voorwaar 'n unieke gemeenskap.

Vir meer besonderhede oor ons tehuis skakel gerus met ons bestuurder by 058 871 3513 of besoek ons webwerf by www.petrussteynaftreecoord.co.za

Nogmaals dankie!
Beheerraad HSJ



Ons wil help om u besigheid meer sigbaarheid te bied.

SPESIALE ADVERTENSIE-TARIEWE SLEGS VIR DIE 26 JUNIE UITGAWE

50% AFSLAG

Heilbron **Herald**

BESPREEK NOU BY
heraldnuus@heilbron.co.za
inh@heilbron.co.za

WISSEVELL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Kooperkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340
Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777
Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127
Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424
Ruitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054
Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205
Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer

HUIS- EN TUINBOUklub - WINTERTYD

Op 10 Junie kom die Huis- en Tuinboulede weer bymekaar vir 'n digitale vergadering aangebied deur Louise van der Westhuizen en met sprekers Martie van Jaarsveld en Dawn Wessels. Louise open met skriflesing uit Ps 93:4 en gebed. Martie van Jaarsveld van Fraaihuis Kwekery tree as eerste spreker op en vertel meer oor voorbereiding van die wintertuin. Omdat dit koud en onplesierig is wil min mense tyd buite in die tuin spandeer, maar tog is daar goed wat gedoen moet word ter voorbereiding vir die lente en nuwe seisoen. Suurlemoenbome kan gevoed word met 315 of 815 kunsmis en bykomende blaarvoeding kan gespuit word as 'n wateroplosbare misstof. Wanneer jy begin snoei aan wingerdstokke, perse-, pruim- en appelkoosbome aan die einde van Junie, spuit hulle agterna met kalkswael 1 op 10. Dit is belangrik om nie die vorige jaar se oorblywende kalkswael te gebruik nie. Kalkswael moet slegs op rustende plante wat nie blare het nie, gespuit word. Dit is ook 'n goeie tyd om nuwe wingerdstokke aan te plant en terug te sny tot by die tweede oë om lengte groei aan te moedig. Goeie kruie om in hierdie tyd aan te plant sluit in: Tiemie vir keel- en borsinfeksies, pietersielie vir immuunstelsel en gousblom vir gebarste vel. Skuif potkruie na sonnige beskermde gebiede weg van ryp areas. Rose moet in die winter net elke twee weke water kry en dit is ook 'n goeie tyd om nuwe rose aan te plant. Bladwisselende bome is nou kaal en vertoon hulle raamwerk goed sodat die ou, siek takke verwyder kan word. Deklae moet oor vrugtebome, roosbome, kamelias en asaleas gevoeg word. Kompakte aalwynplante kan ook geplant word om winterkleur te bekom. Bushwalkers, Littlejoker, Peri-peri en Porcupines is goeie voorbeelde. Indien jy struik het, is

dit 'n goeie tyd om te snoei. Dit is ook 'n goeie tyd om heuningblommetjies oral te saai, dit hou van die kouer maande en bedek vinnig vaal kolle. Dit is belangrik om heinings, mure en tuinskure na te gaan en te herstel indien nodig. Indien jy nog iets soek om te doen is dit 'n ideale tyd om jou tuingereedskap skoon te maak en herstel. Plaas borrelplaatjies om die potplante om koue te isoleer by die wortel. Bestee tyd aan jou grasperk se vorm en verbeter dit deur die moeilike vorms reg te stel. Moenie op grasperk loop nadat dit geryp het nie omdat die voetspore die gras beskadig. Beplan lente- en somergroentetuine in Julie en saai beet, blaarslaai, eivrug, ertjies, rissies, roket, spinasie, kool, pietersielie, radyse, rankbone en wortels. Aartappelmoere kan ook voorberei word. Roosbome kan vanaf middel Julie gesnoei word en dooie takke moet verwyder word. Om swaar kleigrond op te breek, spit dit om met landboukalk. Dit kan ook bygevoeg word by laventel en iris. In die winter hou voëls van saadknoppe en in die somer is dit 'n skoenlapper magneet. Tulpe kan aangeplant word slegs in koel of koue grond en moenie die bolle laat uitdroog nie. Blomtyd is Augustus tot September.

Laastens gesels Dawn Wessels oor winterkos. "Honger is die beste kok en ek het altyd gedink as mens honger mense kos gee maak dit van jou 'n goeie kok, maar eintlik is dit net mooi andersom. As jy self honger is dan maak dit van jou 'n goeie kok en kan mens toer met kos". So skop Dawn haar praatjie af en sê dat die winter altyd vra vir iets meer vullend om te eet, soos stoomwarmgeregte met geure wat jou inroep vanaf buite. Dadelik dink 'n mens aan bredies en sop. Lambsbredie, beesstertbredie en boontjebredie is net 'n paar. Sy vertel meer van Durban kerrie wat 'n Indiese inslag

het en gekook of gebraai word van die begin af om saam met die gereg te ontwikkel. Die Kaapse Kerrie werk egter anders en word gebruik vir Maleise geregte en word dit verkie om die kerrie eers later by te voeg in die kookproses. 'n Bakkie kerrie en rys is 'n goeie maaltyd op 'n winterdag, asook groentesop, pampoensop, hoendersop, mossel-sop en suikermieliesop. Soppe kan verryk word met droë bone en lensies en selfs gort. Gort is 'n heilsame geskenk vanaf die natuur. "Ek het in Esegijl gelees dat God vir Esegijl gesê het om heilsame brode te bak wat hom lank aan die lewe sal hou. Ek het gesien een van die bestanddele is gort." As mens na gort kyk het dit verskeie voordele en help dit met bloeddruk, reiniging van die kolon en ook verbetering van jou geheue. "Het julle geweet pampoen is 'n vrug?" vra Dawn aan die luisteraars. Hierdie vrug word gebruik in bredies, sop en selfs nageregte. Pampoensade kan ook geëet word wanneer jy hulle skoonvryf. Meng dit met 'n teelepel sout, twee eetlepels botter en bak in die oond vir 45min teen 140 grade. Hierdie mengsel is ryk aan Vitamiene E. Sy sluit af met 'n paar wenke:


- Om ligte geregte soos vis of rys met uie te geur stel sy voor om eerder preie te gebruik weens dit 'n sagter geur en nie so skerp uie smaak het nie.
- Wintertyd is biltongtyd, maak 'n ontbyttreffer en braai die biltong liggies in olyfolie en roer geklitste eier daarin.
- Om bredies op te kikker voor jy dit bedien, voeg 'n teelepel suurlemoen sap by. Dit maak die wêreld se verskil.
- Wanneer uieringe gebak word, is dit beter om 'n halfteelepel droë suurdeeg by die doopbeslag te voeg. Laat dit net vir 10 minute rus voor gebruik word.

NEXT IN THE LINE

Every minute someone leaves this world behind.
We are all next in "the line" without knowing it.
We never know how many people are before us.
We cannot move to the back of the line.
We cannot step out of the line.
We cannot avoid the line.

So we will wait in line:
Make the time. Make your gifts known.
Make moments count. Make priorities.
Make a nobody feel like a somebody.
Make your voice heard.
Make the small things big.
Make someone smile.
Make the change. Make love.
Make up. Make peace.

Make sure to tell your people they are loved.
Make sure to have no regrets.
Make sure you are ready.





UIT DIE PEN

Ek weet nie meer nie. Dalk kan jy my help.

Toe ek desjare in die Oos-Vrystaat skoolgehou het, het bitter min van die Sesotho-leerders Afrikaans geneem. Want dit was beskryf as die "taal van die onderdrukker". Ek het dit heeltemal verstaan, en ek het dit my besigheid gemaak om hulle te wys dat ek en my kollegas nie onderdrukkers of rassiste was nie. En nog steeds nie is nie.

Ek het kinders speels aan die wang geknyp, hulle uitgeskel, hulle vasgehou wanneer hulle hartseer was, hulle 'n drukkie gegee wanneer hulle hartseer was. Ek het met hulle ligsinnige grappies gemaak en oor die diep dinge van die lewe gepeins. Ek het nie omgegee van watter kleur of ras hulle was nie. 'n Kind was 'n kind was 'n kind. Ongeag. Ek het probeer om alle kinders dieselfde te behandel. Indien dit nie gebeur het nie, vra ek nou al om verskoning, maar dit was nie doelbewus nie.

Baie keer het ek in die klas iets gesê soos: "Wie het nou weer jou hok geskud?" wanneer iemand lawaai of uit hulle beurt gepraat het. Of iets soos: "Klim terug in jou kas in." Wat sekerlik nie pedagogies korrek is nie, maar die kinders het dit mooi verstaan. Nooit is dit op iemand

gemik nie.

'n Sekere skool in Gauteng was 'n paar jaar gelede in die nuus oor rassisme. Ek het die verslae daarvan onder oë gehad, en die uiteinde daarvan was dat 'n sekere groep leerders (wie die skool gaan verkla het), nie heeltemal eerlik daarvoor was nie. Maar daardie verslag is nooit aan die media gegee nie. Die skool het ook verkies om die saak daar te laat en dit nie aan die pers bekend te maak nie.

Ek was 'n kort tyd aan hierdie skool verbode.

Maar in die oë van sekere lede van die publiek was die skool steeds verkeerd. Hierdie reeks insidente het die skool genoop om hulle gedragkode te hersien. Dit is tot op parlamentsvlak bekyk voordat dit goedgekeur is, ek dink omtrent 2 jaar nadat die insidente plaasgevind het. Daar was, wat my betref, geen ander rassevoorvalle by hierdie skool nie.

Tot twee weke gelede. Mnr. Floyd is in Amerika doodgeskiet en die hele wêreld was op hulle agterpote. Sommige het die moord veroordeel en begin met die #BLM (Black Lives Matter)-veldtog. Baie mense in Suid-Afrika het saamgestaan en dit ook veroordeel. Daar was opstande en brande en propaganda en briewe en programme daaroor. Weke nadat Collins Khoza in Suid-Afrika aan polisiebrutaliteit gesterf het, het iemand ewe skielik besluit om dit te ondersoek. Wat al lankal gedoen moes wees.

Daar is parallelle getrek oor rassisme in Suid-Afrika teenoor rassisme in die VSA. Kan die dood van mnr. Floyd enigsins vergelyk word met rassisme in Suid-Afrika? Ja, ja, ja, juig baie mense, en 'n paar politici klim ook toe sommer op hierdie wa toe dit verbykom.

Ek luister na mnr. Corné Mulder, tans 'n politieke kommentator, toe hy aan 'n radioprogram deelneem. Die omroeper wou weet of ons die situasie in SA met

dié in die VSA kan vergelyk.

Ja, sê hy dadelik, maar nie op die manier waarop ons dink nie. In die VSA is die swart bevolking in die minderheid. In SA is die wit bevolking in die minderheid. En daarmee gaan ek volstaan.

Ek kan glad nie meer hierdie ding van rassisme verstaan nie. Ek het 'n skitterende baas wat toevallig swart is. Verder is daar 'n baie bekwame ontvangsdame in ons kantoor wat toevallig swart is. Dit verander nie aan hulle werksverrigting nie. Maar orals moet kleur ingebring word.

Ek. Kan. Nie. Meer. Nie. Na afloop van mnr. Floyd se debakel, word 'n nuwe Twitterrekening geskep waar die skool (van wie ek netnou vertel het – die ene wat van rassisme beskuldig is) se naam aan gekoppel word. Ewe skielik vertel leerders van die ongekende rassisme wat by die skool aan die gang is.

Een van hulle noem dat hulle onderwyseres (dis nou ek) twee jaar gelede gesê het hulle hulle moet terugklim in die hok in. Regtig, wonder ek, hoe kan jy dink dat dit rassisme was? Ek het dan my swieties met hulle gedeel!

Hulle vertel hoedat juffrou dit en meneer dat by hulle sou verbyloop en sê dat hulle iets aan hulle uniform moes regtrek. Opperste rassiste, word hulle genoem. O, ja, en 'n ander onderwyseres het gesê dat hulle maar na 'n ander skool toe moet gaan in 'n ander omgewing indien hulle nie van hulle huidige skool se dissipline hou nie. Rassiste van die eerste water, reken hulle.

Die regende party (let wel: nie die regering nie) kondig af dat daar grootskaalse bewusmaking aangaande rassisme gedoen gaan word deur elke Vrydag swart klere aan te trek. Maar toe Afriforum (as ek reg onthou) daardie keer Swart Maandag gehou het, was hulle gebrandmerk as rassiste.

Daar word meestal wit boere vermoor, maar wanneer iemand iets daarvoor sê of die buiteland daarvan bewus wil maak, is dit rassisme. Die egste rassisme ooit, beweer sommiges.

Ek geniet die reeks "Fynskrif" op kykNET. Dinsdagaand word daar gesê dat een van hulle karakters van kleur nie van wit mense hou nie. Indien dit van wit karakters gesê is, sou dit definitief reperkussies met rassistiese ondertone gehad het. In die Suid-Afrikaanse reeks, "Still Breathing" wat so maand of wat gelede ten einde geloop het, noem een van die swart karakters dat 'n wit karakter gebruik maak van *racial slurs*.

Ek lees dieselfde opmerking op die Twitterrekening: twee (wit) leerders sing saam met 'n Amerikaanse kunstenaar. Die N-woord is deel van die kunstenaar, wat toevallig swart is, se lied. Die twee wit leerders sing heerlik saam. Maar op Twitter word hulle as rassiste uitgekryt, want hulle sing die lied saam met die kunstenaar. Hoekom is die kunstenaar nie ook van rassisme beskuldig nie?

Ek kan nie meer nie. Ek is te bang om te praat of om iets te sê of om my opinie te lig.

Want dalk, net dalk, word ek van rassisme beskuldig, en dit heeltemal onwetend.

Dalk moet iemand net 'n handleiding skryf oor wanneer wat as rassisme gesien kan word. Maar dan moet dit na beide kante toe wees. Want ek is net so moeg daarvoor om as 'n onopgevoede, bevooroordeelde, rasbehepte persoon aangesien te word. Ek wil iemand wees wat iemand is omdat ek iemand kan wees. Ek is nie 'n rassie nie. Ek sal ook nie een wees nie. Moet my dus nie as een sien of as een behandel nie.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars

Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za

E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiele drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heraldnuus@heilbron.co.za - Koerant, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort en Reitz asook op webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek

word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS


KENNISGEWING VAN TER INSAELEGGING

In die boedel van wyle PHILLIPUS CORNELIUS DE VRYE, Identiteitsnommer 501111 5073 084, wie getroud was binne gemeenskap van goedere met JUDITH IZABELLA DE VRYE, Identiteitsnommer 540119 0085 089, in lewe 'n nyweraar van Helderwater, Heilbron, Vrystaat Provinsie.

BOEDELNOMMER: 5180/2017

Hiermee word kennis gegee dat die Eerste en Finale Likwidasië- en Distribusierekening in bogemelde boedel by die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof in Bloemfontein en by die kantoor van die Landdroes te Heilbron vir 'n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan ter insae sal lê.

PHILLIP VAN DER MERWE & VENNOTE ING.
PROKUREUR VIR EKSEKUTEUR
ELSSTRAAT 47, POSBUS 58
HEILBRON, 9650
VERW: PPvdM/me



See the possibility, not the problem.

TE KOOP/GEVRA KAPOK HOENDERS

Op soek na Kapokkies om te koop.
Kontak Carien
Tel: 058 85 23033
of 082 928 6864

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen
079 040 0531

DIE RUS INGEAAN

† Njebo Samuel Khalipa is oorlede in die ouderdom van 65 op 15 Junie 2020. Sy begrafnis vind plaas op 20 Junie op die plaas se begraafplaas. Hy laat na sy geliefdes, familie en vriende.

† Tersia Phillips (foto regs) is in die oggendure van 17 Junie 2020 oorlede. Sy laat na haar kinders en kleinkinders. Nog geen begrafnisreëlings is getref nie.



DIENTE SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

SUNDAY 21 JUNE 2020



Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring
082 851 6158 of
Piet Meiring
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685

Worrying does not take away TOMORROW'S Troubles, it takes away TODAY'S Peace

Herald Office National

NEW CLOTHING AND APPAREL CATALOGUE NOW AVAILABLE

GREEN LABEL GARMENTS
- 80/20 Polyester
- Triple stitched
- Inner tag & back side
- Mixed Elastic Pocket
- Sizes 32-52
from R154.50
each (VAT)

Also contact us for a quote on Bulk Orders, Long sleeve, Custom short sleeve, Polo shirts

OJ'S RESTAURANT 058 852 1319

OOP VIR OPEN FOR TAKE AWAYS
URE/HOURS 07:00 - 19:00

Jammer, geen afleverings | Sorry, no deliveries

Heilbron Herald

COOL BUFFS

100% Polyester Prolite Sport Buffs

NOU IN VOORRAAD

R85 INSLUITEND BTW

*BEPERKTE VOORRAAD BESKIKBAAR

HERALD

KOM SOEK JOU SWING SPORT

Honderd en twee dae later kan Heilbron Gholfkлуб se lede weer hulle terugkeer maak om gholft te speel. Covid-19 het die wêreld op sy knieë gehad en gholfers landswyd kon van verlede Saterdag af weer aan hulle geliefde sport deelneem. Heilbron se baan was van Dinsdag af weer oop, maar die weer was net te onguur om te kon speel, net GP Rossouw was


braaf genoeg. Volgens die President, dié is nie Mnr Ramaphosa nie, maar Gerrie Muller, is al die vereistes in plek om die klub veilig te hou teen Covid-19. Die groot geskerts onder lede is om eers hulle "swaai" te gaan soek. Móre se gholft gaan om 11:00 in aanvang neem en inskrywings is vanaf 10:30. Daar word ook gespeel vir die April HBA maandbeker en spel formaat is slagspel - 'n moeilike een na die 100 dae gholfdroogte.

Daar sal ook vleispryse op die spel wees vir die wat gaan speel.



Ruben, die kroegman op Heilbron wat die meeste gemis is, toets die Baankaptein Eben Stander se temperatuur as deel van die voorsorgsmaatreëls wat voortaan by alle klubs sal geld.

STRAATTONEEL VAN HEILBRON IN 1885



Luyt se huis links agter.

HEILBRON SE OUDSTE OORLEWENDE DUX-LEERLING

Die Herald het in sy soeke na oud-leerlinge van die Hoërskool gaan kyk wie die oudste oorlewende Dux-leerling is. Op dié stadium wil dit voorkom asof dit die 90-jarige Effie Galatis is wat in Griekeland woon.



Effie Galatis

Sy was in 1951 die Dux-leerling. Haar ouers was oom Kosie Galatis-hulle wat eienaars was van die Heilbron Kafee, wat oorkant die NG Moederkerk handel gedryf het. Effie ondersteun nog gereeld behoeftige organisasies op Heilbron, maar besoek nie meer Heilbron nie.

Mej. Judy Campbell, agterkleindogter van een van Heilbron se baanbrekers en ook oud-burgemeester, mnr J. G. Luyt, het die foto van Heilbron gestuur wat dateer uit 1885. Judy woon in Australië en haar broer in Kaapstad. Op die foto word met 'n pyltjie aangedui waar die huidige kleuterskool is wat destyds Luyt se woning was. Die geboue in die voorgond is moeilik om te identifiseer, maar dit wil voorkom asof daar 'n haarkapper-uithangbord met die woord "barber" is. Die ou Commercial Hotel se traliewerk wil ook die omgewing verrai.

Heilbron • Edenville • Frankfort



Hugo Groenewald
082 569 7205

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemerking. Uit-die-hand-transaksies of veiling nawaet.

www.wissentral.co.za

JJ Hulsestraat 97, Frankfort, 9830
Tel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1067



BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIJKSTE veillings

MAANDAG - 22 JUNIE 2020

MULTIFONTJIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Louwige Brunsdonhout 082 827 7443

DINSDAG - 23 JUNIE 2020

KLEINSOEWEP Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4288

VEREENIGING Weeklikse veiling

Kontak Frank Pieterse 075 500 7080

WOENSDAG - 24 JUNIE 2020

SCHAVIER-REINER: CORALYA SANM STOET
Skape
11 00, Ploem Conrads
Kontak Piet Wessels 062 867 7027

DONDERDAG - 25 JUNIE 2020

THEUNISSEN: LEEUWALDT BOWENARAS
Sensie
11 00, Wessford
Kontak Louwige Brunsdonhout 082 827 7443

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Bertus Liede 079 679 7718

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Rudy van der Westhuizen 079 418 4288

VRYDAG - 26 JUNIE 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHERSSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Sally de Villiers 072 816 4994

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD: 3005/026373/09
Ploem 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1073 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkb-louwid.co.za

